# Resensie / Review

**TURNER, E.A. 1996. Irony as ideology critique in Deutero-Isaiah with special reference to the parody on idolatry**. Giliomee, J.H. *ed.* Universiteit van Stellenbosch Annale 1996/2. Stellenbosch : US Drukkery. 53 p. Prys: R11,00. ISBN 0 7972 0633 7.

**Resensent:** *H.J.M. (Hans) van Deventer*
(Skool vir Basiese Wetenskappe, PU vir CHO Vaaldriehoekkampus)

Die inleidende hoofstuk van hierdie studie (oorspronklik 'n M.Th.-verhandeling), stel as hipotese die volgende: Die afkeur van die ideologie van afgodery as 'n geldige wyse om JHWH te dien. Hoofstukke 2 en 3 vorm die "epistemologiese raamwerk" van die studie. Die resultate van hierdie ondersoeke na ironie (hoofstuk 2) en ideologie (hoofstuk 3), word in hoofstuk 4 toegepas op die "anti-afgodery"-tekste in Deutero-Jesaja (hfstt. 40-55). Hoofstuk 5 bevat die samevattende studieresultate.

Hoofstuk 2 ondersoek die konsep "ironie" en bestaan uit twee afdelings: ironie in die algemeen en ironie in die Bybel. In die eerste afdeling word verskillende vorme van ironie belig. Verbale ironie (die vorm waarop hierdie studie veral bou) word goed omskryf. In hierdie verband word die definisie van Johl (1988) in Afrikaans aangehaal ('n Engelse vertaling van hierdie definisie ontbreek). Die onderskeid tussen ironie, humor en satire word ook belig.

Die tweede afdeling, ironie in die Bybel, beskou die aard van ironie in die Ou Testament. Die waarde hiervan is dat die gebruik van ironie in die Ou Testament verbind word aan 'n teologiese substruktuur (die verbond). Daar word vasgehou aan die Bybel as literatuur wat geloofswaarhede kommunikeer. Hierdie afdeling gee verder voorbeelde van vorme van ironie in die Ou Testament en sluit af met 'n verwysing na Good (1981) se ses retoriese tegnieke wat ironie uitdruk.

Hoofstuk 3, waarin ideologie onder die loep kom as 'n modus van ironie, bestaan uit drie afdelings: ideologie in die algemeen; ideologie-kritiek in die Bybel en die ideologie van afgodery in die Ou Testament. Die eerste afdeling verskaf 'n definisie van ideologie (uit Deist, 1990), asook 27 kenmerke van die konsep "ideologie" (uit Hamilton, 1987). Die tweede afdeling belig ideologie-kritiek

toegepas op die Bybel en die derde afdeling gee aandag aan die ideologie van afgodery in die Ou Testament. Hierdie afdeling stel bloot dat afgodery verstaan word as ideologie in terme van Hamilton (1987) se definisie. Die skrywer kon hierdie verbande miskien duideliker aangetoon het.

Na hierdie teoretiese onderbou gee die skrywer (hoofstuk 4) sy ontleding van die anti-afgodery-tekste (tekste wat direk verwys na afgode, beelde of afgodery) in Deutero-Jesaja. Na die bespreking van enkele historiese, literêre en teologiese kenmerke van Deutero-Jesaja (p. 24-29) word 'n verklaring van die anti-afgodery-tekste vanuit 'n literêre (narratologiese) benadering tot die teks gegee. Hierdie verklaring bestaan uit 'n vertaling en vers-vir-vers-bespreking van die teksgedeeltes.

Die ontleding wat gemaak word, bied op sigself nie baie nuwe insigte in die teks nie. Dit word afgestem op die uitwys van die ironie van afgodery. Die stilistiese aspekte wat hierdie ironie omlyn, word benadruk. Soms is die uitwys van die literêre tegnieke in hierdie verband geforseerd, byvoorbeeld op p. 42 waar op grond van die *tematiese* ooreenkoms tussen Jesaja 44:9 en 44:20 verwys word na inklusie. Dit oortuig meer indien gewys kan word op 'n *verbatim*-ooreenkoms wanneer inklusie geïdentifiseer word. In ander gevalle is die afleidings wat op grond van literêre tegnieke gemaak word, geforseerd. Dit is moeilik om in te sien hoe die *assonansie* van die eerste klank van die laaste drie woorde van Jesaja 45:17 (p. 42) die ewigheidskarakter van die verlossing beklemtoon!

In die laaste hoofstuk wys die skrywer op die betekenis van ironie in die anti-afgodery-tekste. Daar word onderskei tussen ironie as *dekonstruksie* en *rekonstruksie*. Eersgenoemde verwys na die veroordelende (profetiese) funksie van ironie in hierdie tekste wanneer die kontras tussen afgodery en JHWH-aanbidding daardeur uitgewys word. Op 'n meer universele vlak dien die profetiese funksie van ironie as beskrywing van "any abortive human-made attempt to improve and transform the self, the world and its inhabitants" (p. 48). Verder het ironie ook 'n katartiese funksie in die uitwys van die *dwaasheid* van afgodery.

Die studie sluit af met die beskrywing van die rekonstruktiewe funksie van ironie. Dit word gekenmerk deur simpatie met die objek van die ironie en lei tot selfrefleksie (selfkritiek). Deur geloof word die indiwidu van hom-/ haarself en sy/haar selfsugtige begeertes bevry. Daar kom 'n nuwe fokus op God as die enigste wat die brug tussen mensheid en godheid kan oorkom en alle menslike pogings in hierdie verband vertoon belaglik.

Die tegniese versorging van hierdie publikasie kon meer aandag gekry het. Enkele van die tegniese tekortkominge in hierdie nommer sluit in: die verwysing na "Hoofstuk 1" (derde paragraaf onder "Opsomming") moet lees "Hoofstuk 3";

"reveling" (p. 8) moet seker lees "revealing"; die verwysings na Kierkegaard is nie altyd konsekwent nie, vgl. "(1841; 1971:47)" p. 6 met "(1846/1941:448)" p. 8; die uitdrukking van geslagssensitiwiteit rondom die gebruik van voornaamwoorde (p. 10, 21) is nie konsekwent nie; "juxt aposition" (p. 13) moet lees "juxtaposition"; die werke van Ellington (p. 14 voetnoot 14) en North (p. 46 voetnoot 5) ontbreek in die bibliografie; "פחמ" (p. 37) moet lees "פחם".

Hierdie studie sal byval vind by Bybelwetenskaplikes en predikante. Eersgenoemdes sal belangstel in die metodologiese raamwerk waardeur 'n literêre verskynsel (ironie) ingespan word om 'n teologiese betekenis in 'n teks te ontsluit. Laasgenoemde groep kan met vrug kennis neem van die resultate van hierdie studie en dit inkorporeer in die verskillende fasette van Woordverkondiging binne 'n moderne/ post-moderne konteks.